Tema: Wees ŉ goeie bestuurder van die lewensmiddele en gawes wat God aan jou gee.

LOFSANG MET DIE OOG OP DIE EREDIENS
Ps. 147-1: 1, 3, 5 (tweede melodie)
Ps. 126-1: 1, 3

ONTMOETINGSDIENS
Intreelied Ps. 23-1: 1
Votum
Seën
Loflied Ps. 146-2: 1, 4, 5, 6
Geloofsbelydenis oor God se sorg uit Heidelbergse Kategismus Vraag 125 (die verklaring van die vierde bede: Gee ons vandag ons daaglikse brood.)

VEROOTMOEDIGINGSDIENS
Wet: fokus op die agtste gebod en HK Vraag 110 en 111
Sing Sb 10-2: 1
Gebed

WOORDDIENS
Skriflesing en teks: Spreuke 27: 23 - 27
Sing Ps. 65-1: 3, 8, 9
Woordverkondiging

ANTWOORDDIENS
Gebed
Liefdegawe
Gebed vir BnB (Topia)
Sing Ps. 128-1: 1, 4
Seën
Amen Sb 13-2.

Geliefde brs en srs en kinders

Ons almal ken die uiterste frustrasie en moeite van swak diens wat aan jou gelewer word deur ŉ besigheid of verskaffer. Hoe mense beloftes aan jou maak en eenvoudig net nie daardie belofte nakom nie. Hoe jy keer op keer moet teruggaan om met moeite te kry wat aan jou belowe is. Die media wemel van klagtes oor sulke swak diens en optrede van mense.

Om nie eers te praat van die bedrog en diefstal wat gepleeg word met beloftes van diens of produkte maar sodra jy betaal het, verdwyn die besigheid of persoon met jou geld en sit jy met leë hande. Jy kan amper niemand meer vertrou om eerlike en kwaliteit diens te lewer nie.

Hoekom is dit so? Geliefdes, ons leef in ŉ tyd waarin mense soek na kitsrykdom en enige manier sal gebruik om geld te maak en nie omgee om ander mense te bedrieg of te belieg nie. Die mense van vandag leef ook met ŉ verbruikersmentaliteit waarmee niemand meer iets met moeite en trots wil produseer nie maar net op die maklikste manier wil ontvang, verbruik en weggooi.

Teenoor hierdie sondige manier van doen en leef leer die Here ons vandag die lewenswysheid uit Spreuke waarmee Hy wil hê ons as sy kinders moet leef.

Hy leer ons dat Hy vir ons sorg deur vir ons lewensmiddele en gawes te gee wat ons goed moet bestuur. Dat ons dit wat die Here aan ons toevertrou met harde werk en goeie oordeelkundigheid moet bestuur tot ons eie versorging en tot vooruitgang van ander.

Spreuke 27:18 stel dit so: “Wie sy vyeboom versorg, sal vye hê om te eet; wie omsien na sy werkgewer se belange, sal daarvoor eer ontvang.”

Liewe kinders, of dit nou julle skoolwerk, katkisasiewerk of huiswerk is en brs en srs of dit jou daaglikse werk op kantoor is, jou diens of jou produk of bloot net die tyd wat die Here vir jou gee, bestuur dit goed! Werk noukeurig, werk oordeelkundig en met toewyding!

Die Spreukdigter gebruik in ons teksverse die voorbeeld van ŉ veeboer wat onder andere met skape en bokke boer. Dit is die lewensmiddele en gawes wat die Here tot sy beskikking gestel het om te gebruik. Dit is sy werk, sy roeping, sy produk en sy diens wat hy gebruik om van te leef en vir ander te voorsien.

Brs en srs, so voorsien die Here in genade aan elkeen van ons ons lewensmiddele en gawes. Psalm 23 leer ons dat Hy die Herder is wat vir ons as sy kudde sorg. In Matteus 6 belowe die Here Jesus dat ons Vader vir ons sal sorg. Christus het ons deur sy verlossingswerk onder die heerlike sorg van ŉ liefdevolle Vader gebring en

Hy sorg vir ons. Hy voorsien deur vir ons ŉ werk, gawes, diens of produkte te gee wat ons dan met groot verantwoordelikheid moet bestuur.

Hoe doen ons dit?
Let op die noukeurigheid en die toewyding wat in vers 23 beklemtoon word. Letterlik staan daar: gee noukeuring ag op die voorkoms van jou kudde en gee aandag aan jou troppe vee. Weet wat hulle nodig het en voorsien dit vir hulle.

Wat beteken dit? Jy verwaarloos nie jou werk nie en jy lewer nie produkte of diens van swak gehalte nie. Nee, jy gee noukeuring ag op hoe jy jou werk goed kan doen sodat jy die beste kan lewer. Hiermee wys die Here slordige werk, swak diens, onverantwoordelike bestuur en nalatigheid af. Ook luiheid want wat jy doen moet jy na die beste van jou vermoë doen.

In vers 25 leer die Here ons om met goeie beplanning te werk. Om in die somer – met ander woorde "voorspoedige tye" voorsiening te maak vir die winter - slegte tye. Soos wat Josef met groot wysheid die koringvoorrade van Egipte bestuur het sodat mense in tye van droogte kos kon hê om te eet. So moet ons met verstandigheid en oordeelkundigheid ons lewensmiddele gebruik en nie alles met ŉ verbruikersmentaliteit uit te leef nie.

Die vraag is: hoe kry ons dit reg? Vers 24 gee vir ons die antwoord. Dit gaan om die regte lewenshouding oor lewensmiddele en gawes wat jy ontvang! Brs en srs dit gaan nie net om ŉ vaardigheid of om goed in jou werk te wees nie, nee, die Here leer ons die dieper lewensbeginsel waaruit ons moet leef. Die lewensbeginsel vanwaar uit ons dink en optree met betrekking tot alles wat ons van Hom ontvang en wat ons daarmee doen.

Ja, dit gaan oor hoe ek dit wat ek van die Here ontvang as waardevol beskou en dit met sorg vir Hom bewerk. Vers 24 leer dat ons dat materiële dinge, ons geld en goed en werk insigself geen ewigheidswaarde het nie. Net soos mag en status kan jy dit maklik verloor. Nee, ware lewenswysheid is dat dit ŉ gawe van die Here is wat ek met verantwoordelikheid teenoor Hom moet uitleef.

En dit is hoekom ek ŉ goeie bestuurder wil wees van dit wat Hy aan my toevertrou het. ŉ Bestuurder wat weet dat dit alles nie aan my behoort nie, maar aan die Here en daarom doen ek dit uit dankbaarheid vir Hom. Dis die lewensbeginsel wat die Heilige Gees in ons harte kom lê en daarmee wil ons as gelowiges lewe.

Paulus verwys na hierdie lewensbeginsel as hy in Efesiërs 6 vir die werkers sê:
[6]Moenie net werk om deur julle eienaars raakgesien te word en so in mense se guns te kom nie; werk soos slawe van Christus wat van harte die wil van God doen. [7]Al is julle slawe, doen julle werk met lus, soos vir die Here en nie vir mense nie. [8]Julle

weet tog dat die Here elkeen sal beloon as hy iets goeds gedoen het, of hy nou slaaf is of vry."

Brs en srs, omdat ons aan Jesus behoort en vir Hom lewe het Hy ons juis van onsself en ons eie sondige begeertes kom verlos. Gierigheid, oneerlike winsbejag, bedrog, swak diens en produkte, luiheid en onverantwoordelike manier van werk pas nie by 'n gelowige nie. Dis is nie deel van ons lewe nie! Dit is nie hoe Jesus ons kom leer het om vir ons Vader te lewe en te werk nie!

As ons verstaan wat duur prys Jesus juis kom betaal het sodat ons hiervan verlos kan word en dat ons vir Hom kan lewe, dan doen ons dit nie! Ons leef juis anders as die wêreld en ons leef met hierdie lewenswysheid wat die Here ons vandag weer leer.

Op hierdie manier wil die Here Jesus juis sy koninkryk hier op aarde laat deurbreek deur ons soos goeie bestuurders in hierdie wêreld as sout en lig te gebruik. Deurdat ons ons lewensmiddele en gawes met noukeurigheid, verantwoordelikheid, goeie sorg en die beste moontlike wyse bestuur, werk ons die slegte in die wêreld tee. Gelowiges moet juis uitblink hierin sodat ons hieraan geken kan word en 'n positiewe invloed kan uitoefen.

Immers die Here beloof in teksverse 26 en 27 dat Hy juis op hierdie wyse sal sorg dat daar altyd vir ons voorsiening sal wees. Dat ons altyd versorg sal wees en dat ons ook vir ander kan sorg. Hy sal ons arbeid wat ons vanuit hierdie lewensbeginsels doen vir ons tot seën laat wees maar ook vir ander mense. Dat ons op hierdie wyse ook vir ander kan sorg en so sy liefde in die wêreld kan laat skitter. Want mense sien dat ons as gelowiges 'n ander lewensbeginsel het, hulle sien dat ons anders leef en werk en dit wys heen na die Here vir wie ons dit doen!

Geliefde brs en srs, kom ons ondersoek onsself of ons nog werklik as gelowiges met hierdie lewenswysheid van Spreuke 27 leef. Betoon ons elke dag ons dankbaarheid teenoor die Here vir die lewensmiddele en gawes deur as goeie bestuurders daarvan op te tree? Of het die verbruikersmentaliteit of sondige ingesteldheid van die wêreld ook al in ons vastrapplek gekry? Of dit nou skoolwerk, huiswerk of lewensarbeid is – wees 'n goeie bestuurder vir die Here!

Kom ons ondersoek ook ons motiewe vir kwaliteit rentmeesterskap. Is dit nie dalk so dat ek die beste leerder of Top-10 leerling, boer, besigheidsman, prokureur of professor wil wees omdat ek dan al die aandag en eer sal kry nie? Waarom doen ek dit? Doen ek dit nog vir die Here om aan Hom die eer te gee?

Geliefdes, die Here Jesus het ons in Matteus 24: 45 – 51 beveel dat Hy met sy Wederkoms ons so aan die werk wil vind met die genadegawes wat Hy vir ons gegee het. Dat ons met noukeurigheid, toewyding, verantwoordelikheid en goeie

oordeel ons lewensmiddele bestuur en so ons Vader in die hemel verheerlik. Dat ons nou alreeds iets van die heerlikheid van die Koninkryk van God in ons wêreld laat sien in die manier hoe ons lewe en werk.

Kom ons wees dan goeie bestuurders van ons lewensmiddele en gawes en maak so ‘n daadwerklike verskil aan hierdie wêreld tot eer van God.

Amen